


# WOORD VAN *De Wet*

Hoof Uitvoerende Direkteur/ Chief Executive Director

August is Women's Month!

A time to celebrate the incredible role of women. At Engo, we see daily how women with courage, loyalty, wisdom and faith support children, families, the elderly, people with disabilities and the sick. They carry the heart of Engo's services, reminding us that care and love are practical, life-changing forces.


Gedurende Augustus staan ons stil by die vroue wat ons lewens daagliks verryk. Vroue wat met hul hele wese lig bring waar daar donkerte is, HOOP bring waar wanhoop dreig en liefde leef waar dit skaars geword het.

Die Bybel vertel van vroue wat, ten spyte van uitdagings, met geloof en moed opgetree het:

- Rut – lojaliteit en geloof.
- Naomi – wysheid en hoop in tye van swaarkry.
- Rebekka – liefde en gasvryheid wat 'n groot verskil maak.
- Esther, a queen who saved her people through courage and wisdom, shows that one person can change a nation.
- Deborah, prophetess and judge of Israel, led with faith and strategy.
- Mary, mother of Jesus, showed obedience through faith and devotion.
- Sara – hoop ten spyte van twyfel en ouderdom.
- Hanna – die krag van volhardende gebed en geloof.

Like these women of the Bible, women today continue to carry families, communities and workplaces with loyalty, wisdom and faith. They are often the silent pillars who bring stability and shine the light of HOPE – ETERNAL HOPE.

To every woman at Engo and in our community: thank you for being a place of rest, a source of courage and a quiet force that builds where brokenness exists, sees what others overlook and holds families together.
Mag jy hierdie Vrouemaand met trots en vreugde vier, wetende dat jy 'n LIG is wat nooit gedemp kan word nie!



135 KOMBERSE

# EEN GROOT DROOM

*Met liefde gehekel, met hoop gedeel*

**Daar is min dinge wat soveel warmte bring soos 'n handgemaakte kombers – nie net vir die liggaam nie, maar ook vir die hart. Wat as 'n eenvoudige idee begin het, het vir Leonie Coetzee, Joey van Meyeren en hul mede-hekelaars gegroei tot 'n besonderse projek van hoop, liefde en omgee. Ons het met hulle gesels oor die inspirasie agter die projek en die droom wat hulle vir die toekoms koester.**

**Waar het die idee vir die kombersieprojek ontstaan, en hoe het dit gegroei?**

Die projek het begin toe ek en my ma iets betekenisvol vir ander wou doen deur ons Godgegewe talente te gebruik. Ons het besluit om kniekomberse te hekel omdat dit minder wol verg, prakties is en warmte en omgee simboliseer. Dit is groot genoeg vir kinders of rolstoelgebruikers en raak nooit onder die wiele vas nie. Mettertyd het Susan Bongers, Sarie Langeveldt, Charl Espach en Martin Espach by ons aangesluit. Saam het ons 135 handgehekelde komberse voltooi.


**Hoeveel wol word gemiddeld benodig om een kombersie te maak?**

Elke kombers gebruik, afhangend van die patroon, tussen 700 g en 800 g "Double Knit" wol. (Dit is omtrent 7 – 8 bolle wol). Die wol kos gemiddeld tussen R280 en R300 per kombers. Ons het dit geniet om met verskillende patrone en kleure te werk sodat elke kombers uniek is.
Vertel ons ook meer oor die grootte van die kombersies wat julle hekel.

Die meeste van die komberse bestaan uit 35 "Granny Squares" en is gemiddeld 100 × 145 cm groot. Hulle is ideaal as kinderkomberse of kniekomberse – perfek om iemand warm en snoesig te hou.

**Waarom het julle besluit om die komberse aan Engo te skenk?**

Ons het die komberse aan Engo geskenk omdat julle 'n help waar ander nie meer kan help nie. Daar word baie fondse benodig om die werk te kan volhou en as die komberse verkoop word hou dit mense warm en dit stel julle in staat om julle besondere werk voort te sit.



**Wat is julle droom vir die projek**

Ons oorspronklike droom was om 'n wêreldrekord te probeer opstel, maar die koste daarvan was eenvoudig te hoog. Daarom het ons besluit om die komberse wat reeds voltooi is aan Engo te skenk en intussen voort te bou aan die projek. Ons glo daar is groot potensiaal om dit verder te laat groei.

**Hoe kan mense betrokke raak?**

Daar is baie maniere om te help. Mense kan kom hekel, help met die afwerking van komberse, wol of fondse skenk, of eenvoudig die projek ondersteun. Elke bydrae maak 'n verskil.

**Waar kan mense wol skenk of by die projek aansluit?**

Mense kan "Double Knit" Chairty-wol aflewer by Engo se Provinsiale kantoor of hulle kontak by 060 548 5543 of 'n epos stuur na info@engo.co.za. Engo sal dan weer kontak maak met ons. Ons glo dat die projek optimaal by Engo se behoeftes aansluit. Alle ondersteuning is welkom.

**Watter lewensles het hierdie projek julle geleer?**

Die projek het ons baie meer gegee as wat ons ooit kon teruggee. Dit het kort ná my pa se afsterwe begin en het vir my en my ma kosbare tyd saam gegee. Die terapeutiese waarde van handewerk en die warmte van elke kombers het ons deur moeilike tye gedra.

Die kombersieprojek is 'n herinnering dat groot verandering dikwels met klein gebare begin. Elke blokkie, elke bol wol en elke uur se handewerk het saam 'n groter prentjie van liefde, deernis en gemeenskap geskep. Leonie en Joey se verhaal herinner ons daaraan dat geen bydrae ooit te klein is nie – soms is jy die een "blokkie" wat iemand anders se lewe weer heel maak.

**Ons sien uit daarna om te sien hoe hierdie besonderse projek in die toekoms verder groei en nóg meer warmte en hoop na mense in nood bring.**





# WAAR OMGEE WEN

## 'N SPESIALE GHOLFDAG IN VILJOENSKROON



Viljoenskroon Kinder- en Jeugsorgsentrum se gholfdag by Orkney Gholfklub op Vrydag, 10 Julie 2026, was veel meer as net 'n dag op die baan. Dit was 'n dag waar omgee, gemeenskap en vrygewigheid saamgespan het om 'n verskil in die lewens van kwesbare kinders te maak.

Dankie aan elke vrywilliger, donateur, speler en ondersteuner wat hierdie dag moontlik gemaak het. Julle betrokkenheid help Engo om sy belangrike werk voort te sit.

# ENGO BY DIE VRYSTAAT KUNSTEFEES

## IN BLOEMFONTEIN

Engo het van 7 tot 11 Julie met trots aan die Vrystaat Kunstefees in Bloemfontein deelgeneem. By die stalletjie kon feesgangers Cruise for a Cause-kaartjies, gehekelde komberse en verskeie Engo-promosieprodukte koop.




Die stalletjie is daagliks beman deur spanlede van Bemarking, Kinder- en Jeugsorgsentrums en Gesinsorgkantore, wat besoekers met vriendelike diens verwelkom het. Met heerlike koffie en pannekoek om elke dag af te skop, was dit 'n besonderse week vol ondersteuning, samesyn en nuwe ontmoetings.

Baie dankie aan elkeen wat ons stalletjie besoek en ondersteun het. Ons sien daarna uit om julle weer volgende jaar by die Vrystaat Kunstefees te verwelkom.

# A SIMPLE GIFT

## A LASTING DIFFERENCE

On 15 July 2026, the Motor Industry Staff Association (MISA) Women's Forum and Young Workers' Forum in the Free State/Northern Cape donated much-needed essentials to Tshepang Child and Youth Care Centre in Bloemfontein as part of the Union's annual blanket drive.

The donation, received by Tarisa Joubert, Marketing Coordinator: Eastern Free State, included MISA blankets, nightwear, groceries, toiletries and cleaning products for the 12 children in the Centre's care.

Thank you to MISA, as well as Debbie Mitchell, MISA's Senior Vice-President, and Megan Stevens, Chairperson of MISA's Young Workers' Forum, for coordinating this initiative. Your generosity is helping to provide comfort, care and hope to the children at Tshepang Child and Youth Care Centre.











# SOP, SJERRIE...



## EN 'N DANSPASSIE!

Wat is nou lekkerder as 'n warm bakkie sop, 'n glasie sjerrie en lekker musiek op 'n koue wintersdag? Op 17 Julie 2026 het inwoners van Ons Tuiste se versorgingseenheid en die Sentrum vir Bejaardes se onafhanklike wooneenhede in Bloemfontein saam gekuier, gedans en die winterkoue behoorlik verdryf.



Van langarm tot rolstoel-danspassies – en selfs ons eie "Elvis" op die dansvloer – was die oggend gevul met lag, samesyn en onvergeetlike oomblikke. Nog 'n bewys dat ouderdom net 'n getal is!

# MANDELA-DAG:

## 67 MINUTE VAN OMGEE



Ter viering van Mandela-dag het verskeie organisasies hul 67-minute gebruik om 'n verskil in die lewens van Engo se kinders en gesinne te maak. Danksy skenkings van EY Auditory Firm, Feedem en Bidfood is kos, lekkernye en ander noodsaaklikhede aan Engo se Kinder- en Jeugsorgsentrums en Gesinsorgkantore regoor die Vrystaat versprei.



Op 18 Julie, Mandela-dag self, het Cousins for Change Organisation ook 'n besondere dag vir kinders vanuit verskeie Engo Kinder- en Jeugsorgsentrums in Bloemfontein aangebied. Die kinders is bederf met klere, skoene, lekkernye, verversings en heerlike worsbroodjies.

Baie dankie aan elke organisasie wat hul tyd, omgee en ondersteuning met Engo gedeel het. Julle 67-minute het meer as net 'n dag se verskil gemaak – dit het hoop gebring en lewens aangeraak.

# TEAMWORK

## IN ACTION



What started as an ordinary day at Engo Family Care Odendaalsrus on 22 June 2026 quickly turned into an unexpected emergency. A client arrived at the office intending to place her unborn baby in safe care, but during the conversation she unexpectedly went into labour.

With no ambulance immediately available, the Family Care team sprang into action. Each staff member stepped in to help, ensuring the mother reached hospital safely. Minutes later, she gave birth to a healthy baby girl.

A typical day in the life of an Engo worker – you act where the need is. This experience was a powerful reminder that teamwork is about more than daily tasks – it's about supporting one another when the unexpected happens. Thanks to the quick thinking, cooperation and dedication of the Odendaalsrus team, both mother and baby were safe.

**Disclaimer: no one was hurt, no property damaged and no unlicensed actions took place.**

# BUILDING FUTURES

## ON AND OFF THE FIELD



On 25 July 2026, Bloem 1 Stop hosted the third Mandela Soccer Cup at Our Child and Youth Care Centre in Bloemfontein. Since its launch in 2024, the tournament has become a valued annual tradition, encouraging teamwork, perseverance, and healthy competition among the children.




Bloem 1 Stop also helped establish the Bloem 1 Stop Academy of Learning, turning a long-held dream of a dedicated study room into reality. In addition, each child received a thoughtfully prepared gift pack with a personal message. We sincerely thank Bloem 1 Stop for their continued partnership and support. Their investment in education and child development is helping to create opportunities and build a brighter future for the children in our care.

# OMGIE BESOEK TRIO PRIMÊRE SKOOL

## IN KROONSTAD

Engo Gesinsorg Kroonstad het op Maandag, 27 Julie 2026, 'n heerlike oggend saam met die leerders van Trio Primêre Skool deurgebring. Die kinders het 'n prettige poppekasvertoning geniet, meer geleer oor emosies deur 'n Omgie-video en die oggend op 'n hoë noot afgesluit met 'n lekker dans saam met Omgie, Engo se geliefde gelukbringer.

Dankie aan Trio Primêre Skool vir die warm ontvangs. Dis altyd lekker om saam met kinders te lag, te leer en hulle te help ontdek hoe belangrik dit is om hul emosies op 'n gesonde manier te verstaan en uit te leef.



# MEDICLINIC VROUE WEDLOOP

## SKOP AF IN WELKOM

Engo het op Maandag, 27 Julie 2026, die bekendstelling van die Mediclinic Vroue Wedloop in Welkom by Virgin Active bygewoon.

Omgie het saam met ander gelukbringers, betrokkenes en atlete die wedloop afgeskop met 'n vrolike groepsfoto.

Registreer aanlyn by www.entryninja.com of stuur ‘n epos na jduplessis@polka.co.za vir inskrywingsvorms.

Ons sien daarna uit om op 22 Augustus 2026 deel te wees van hierdie besonderse geleentheid. Sterkte aan elke deelnemer – ons sien julle by die wegspring!



# CRUISE FOR A CAUSE

## GEE JOU DIE KANS OM TE VAAR ÉN 'N VERSKIL TE MAAK

Vir slegs R50 kan jy 'n verskil maak in die lewens van kwesbare mense in die Vrystaat én staan jy die kans om 'n MSC-bootreis vir twee, ter waarde van ongeveer R25 000, te wen.




Die wenprys sluit 'n vierdag-MSC-bootreis vir twee (11–14 Desember 2026) in 'n see-uitsigkajuit in, asook 'n Bon Voyage-pakket, twee drankpakkette, toegang tot die MSC Prive Lounge Experience, 'n R3 000 reistoelae na en van Durban, R1 800 sakgeld, en alle kajuit-, diens- en hawefooie en versekering. Alle etes, tee, koffie, water, vermaak en toegang tot die skip se geriewe is ingesluit.

Die prys kan, onderhewig aan MSC se bepalings, ook na 'n ander bootreis binne die 2026/2027-seisoen verander of na 'n internasionale reis opgegradeer word, indien die wenner dit so verkies.

Kaartjies is beskikbaar by die Engo Provinsiale Kantoor, deelnemende Engo-subprogramme of aanlyn by www.engo.co.za.

Die kompetisie sluit op 30 September 2026, en die wenner word teen 23 Oktober 2026 aangekondig.

Vir meer inligting, kontak Engo Bemarking by 060 548 5543 of info@engo.co.za.

# CELEBRATING A BIRTHDAY

## THROUGH THE GIFT OF GIVING!



While many birthdays are celebrated with family and friends, Mrs Thembi M chose to celebrate hers by giving back.
On 24 July 2026, she donated 10 food parcels to Engo Family Care Virginia, sharing the joy of her special day with families in need.

Each parcel, filled with essential groceries, brings more than just food – it brings hope and reminds families that they are not alone.

We sincerely thank Mrs Thembi M for her generous gift and for choosing to invest in the wellbeing of children and families. Your kindness is making a meaningful difference and inspiring others to do the same. Happy birthday, and thank you for celebrating in such a thoughtful way.

# THE GIFT THAT BROUGHT SMILES

## THIS WINTER

Thanks to the incredible generosity of The Big Cover-Up 2026, OFM and Round Table Bloemfontein, the children at David's Place Child and Youth Care Centre in Ficksburg received food and warm winter clothing. Every child received two tracksuits, a pair of sneakers and socks to help keep them warm during the colder months.




The initiative also benefited Our Child and Youth Care Centre in Bloemfontein, where a generous donation of food helped stock the Centre's cupboards and feed 137 children in their care.

We sincerely thank everyone who supported this initiative. Your generosity has provided much needed support, brought smiles to our children, and reminded them that they are cared for. Thank you for making a meaningful difference.

# KLEIN SKATTE,

## GROOT STORIES

Op 29 Julie 2026 het Bloemfontein se Sentrum vir Bejaardes,  inwoners op 'n nostalgiese reis geneem met 'n besonderse klein-item-uitstalling. Terwyl sagte klaviermusiek in die agtergrond weerklink het, kon inwoners rustig deur die versamelings stap en hul verwonder aan die unieke items wat oor baie jare met sorg bymekaar gemaak en bewaar is.


Van vingerhoede, balpunt penne en porseleinpoppe tot sout-en-peperstelle, psalmboeke, modeltreine en kunswerke – elke versameling het sy eie storie vertel en kosbare herinneringe laat herleef. Die uitstalling het nie net die passie van versamelaars uitgelig nie, maar ook gewys hoe klein voorwerpe groot betekenis kan dra.

Dit was 'n gesellige oggend van herinneringe, gesprekke en waardering vir die besondere stokperdjies wat oor 'n leeftyd heen met liefde versorg is.





# DIE KRAG VAN VROUE



## WAT GEMEENSKAPPE BOU

**Geskryf deur Elmarie Els-Hamman, maatskaplike werker by Ringerstraat Kinder- en Jeugsorgsentrum in Sasolburg, Vrede en Heilbron.**




Vrouedag is 'n geleentheid om die moed, deursettingsvermoë en onskatbare bydrae van vroue te vier. Elke dag bou hulle gesinne, versterk gemeenskappe en inspireer die volgende geslag.

Hoewel baie vroue steeds uitdagings soos geweld, diskriminasie en ongelyke geleenthede ervaar, kan ons almal help om 'n verskil te maak deur vroue te ondersteun, te bemagtig en met respek te behandel.

Hierdie Vrouedag bring ons hulde aan elke vrou wat met liefde, hoop en deursettingsvermoë 'n verskil maak. Gelukkige Vrouedag aan elke vrou wat ons gemeenskappe elke dag sterker maak.

# DIE AVONTURE VAN OMGIE



DIE VRUG VAN

# GOEDHARTIGHEID

**Omgie is weer op reis.**

**Met sy bondeltjie vol Vrugte van die Gees stap hy elke maand 'n nuwe avontuur binne.  Soms raak die pad moeilik. Soms is dit vol vreugde.**

**Maar elke keer moet Omgie kies:**

**Watter vrug gaan hom help om vandag die regte ding te doen?**

**Kom stap saam met Omgie — en ontdek watter vrug hierdie maand se storie dra.**

Omgie stap 'n besige straat binne waar mense haastig verby mekaar beweeg. By 'n bushalte sit 'n vrou met swaar sakke langs haar voete. Niemand kyk na haar nie. By 'n winkeldeur probeer 'n ma haar kind kalmeer terwyl mense ongeduldig sug. Verder af vee 'n tannie 'n vloer wat net weer vuil geloop word.

'Omgie sien dit alles. En iets in sy bors trek styf. Dit voel asof die vroue werk… dra… gee… maar niemand sê: Ek sien jou nie. Hy wil iets doen — maar wat?

**Toe voel hy sy bondeltjie.**
Hy maak dit oop. Binne lê 'n sagte, helder vrug —
**die Vrug van Goedhartigheid.**
**Dit fluister: Jy hoef nie groot dinge te doen nie.**
**Klein dade kan groot harte lig.**

Omgie begin by die bushalte.
Hy glimlag vir die vrou. "Mag ek help dra?" vra hy.
Haar oë rek verbaas.
Dan glimlag sy terug. "Dankie. Dis lank laas dat iemand vra."

By die winkel hou hy die deur oop vir die ma. Hy maak 'n snaakse gesig vir die kind. Die ma lag — 'n moeg lag wat verander in 'n regte een.
By die tannie met die mop sê hy: "Jy maak hierdie plek mooi."
Sy staan stil. Haar hand druk oor haar bors. "Dankie, my kind," fluister sy.

Die straat verander nie skielik nie. Mense is steeds besig. Maar hier en daar begin glimlagte verskyn. Oë ontmoet. Iemand sê dankie. Iemand wag 'n oomblik langer. Goedhartigheid beweeg stil… maar dit laat spore. Omgie kyk na sy bondeltjie. Die vrug skyn warm.

**Hy verstaan:**
**Goedhartigheid sê nie net: Ek help jou nie.**
**Dit sê: Ek sien jou. Jy tel. En met daardie wete stap hy verder — en die straat voel sagter as tevore.**












## DATUMS OM TE ONTHOU

- 6 Augustus – NG Kerk Geloofsentrum Gholfdag, Bloemfontein
- 9 Augustus – Engo Gesinsorg Viljoenskroon Potjiekos Familiedag
- 9 Augustus – Nasionale Vrouedag
- 10 Augustus – Franse Mark, Villa Avianto in Bloemfontein
- 15 Augustus – Running Edge Wedloop, in Bloemfontein
- 21 Augustus – Vier die Lewe – Vroueoggend, Leopards & Lace, in Bloemfontein
- 22 Augustus – MediClinic Vroue Wedloop, in Welkom
- 28 Augustus – Maluti FM Gholfdag, in Bethlehem
- 4 September – Ons Woning Basaar, in Petrusburg
- 5 September – Silwerbron Gholfdag, in Wesselsbron

*Visit Engo's Events Calendar for more information about upcoming events.*
*If you missed any of our previous newsletters, please visit www.engo.co.za.*
*If you have any comments, concerns, or compliments, please send them to info@engo.co.za.*




*"Believe in yourself and be proud of who you are. Don't let anyone tell you differently. There is beauty in everyone and no one should stop you from growing into a confident and strong person" — June Sarpong*